
# Is SA-SAMS ons enigste opsie?



**SA-SAMS bly 'n voortdurende punt van bespreking.  Die kritiese aangeleenthede is soos volg:**

Goeie besluitneming en beplanning kan net gebeur aan die hand van volledige en akkurate inligting.  Dataversameling is dus 'n kritiese funksie van die departement van onderwys vir hierdie doel. Die verhouding tussen die skool en Departement vereis rapportering.  Operasionele en funksionele effektiwiteit in bestuur/beheer is een van die belangrike take van die SBL.  Die keuse van sagteware vir hierdie doel is dus van kardinale belang in die proses.

1. Alle skole moet gebruik maak van 'n elektroniese pakket - School Aministration Management System (SAMS) wat alle derde-party pakkette (Principal Plus, Pencil Box, Smart, Edupac, Microscope ens) en SA-SAMS insluit om data aan die provinsiale departemente te voorsien.

2. In die verlede was LURITS die enigste sentrale databasis en alle skole was genoodsaak om data na LURITS te stuur in die LURITS formaat.  Dit is volgens wetgewing en beleid bepaal.

3. Provinsiale departemente het nou ook 'n eie sentrale databasis en die nuwe metodiek is dat skole data aan die provinsiale databasis stuur - in SA-SAMS ***formaat***.  Hierdie is nie agv ‘n verandering in wetgewing en beleid nie, maar pas in by die vorige beleid wat stipuleer dat die departement die inhoud en ***formaat*** van die data wat benodig word kan voorskryf. Vir hierdie doel het GDO by alle skole ‘n koppelvlak laat installeer.

4. Die inhoud en formaat van die data is voorskryfbaar en NIE die stelsel wat gebruik word om dit te genereer nie.

5. In baie van die onlangse skrywes word verwys na SA-SAMS formaat.  Dit is ook wel so dat sommige skrywes verwys na "*SA-SAMS use*".  Ons verstaan hiervan is dat dit verwys na SA-SAMS formaat en struktuur en nie die stelsel nie.

Hoe nou gemaak?

Die GDO het onlangs in Circular 3 - 2016 veskeie uitlatings in die verband gemaak en aan die een kant bevestig dat skole derde-party sagteware mag gebruik maar ook genoem dat SA-SAMS gratis aan skole beskikbaar gemaak word en dat spandering aan ander stelsels

moontlik gesien kan word as "onnodige spandering". Dit is absoluut buite die departement se mandaat om aan 'n juridiese persoon (die skool) voor te skryf hoe en waarop hy sy geld kan bestee. Ons onderskryf goeie finansiële beheer oor die aankoop en besluitnemingsproses.

Daar is drie kritiese vehoudings om te onderskei wanneer deur hierdie mynveld genavigeer word ter voorkoming van moontlike probleme.

| **Verhouding tussen:** | **Scenario** | **Wetlike raamwerk** | **Kontak** |
|---|---|---|---|
| 1. Skool (verteenwoordig deur SBL) en die provinsiale departement van onderwys. | Skool word onder druk geplaas of verplig om stelsel te gebruik terwyl slegs die inhoud en formaat voorgeskryf mag en moet word.<br><br>Toegang tot inligting. Inligting moet volgens voorgeskrewe riglyne openbaar gemaak word en ook beskerm word. | NEIP - National Education Information Policy: Skool moet 'n SAMS gebruik (nie slegs SA-SAMS); Departement mag inhoud en formaat van die professionele arena van die skool voorskryf<br><br>Privaatheid en konfidensialiteit van inligting moet verstaan word. Privaathouding (vertroulikheid) en nie geheimhouding nie. | FEDSAS |
| 2. Skool (SBL) en Verskaffer<br><br>(Kliënt en diensverskaffer) | Derde-party stelsel se verslae of uitsette voldoen nie aan departementele voorskrifte nie. Meeste van die stelsels doen 'n Export na SA-SAMS formaat.<br>DDD dashboard en Valistractor proses voorskrifte moet aan voldoen word. | Departement moet / mag die inhoud en formaat voorskryf van data wat benodig word vir besluitneming en beplanning. | Diensverskaffer |
| 3. Skoolhoof en Departement (Werkgewer - werknemer) | Skoolhoof of ander amptenaar word gedreig met dissiplinêre stappe weens nie-nakoming van instruksies oor die gebruik van stelsel (voorskriftelike gebruik van SA-SAMS) eerder as die rapportering van inligting in voorgeskrewe formaat. | | Unie /Vakbond |

Vir verdere inligting kontak asb vir Riaan van der Bergh aangaande die saak met enige navrae.

Riaan van der Bergh | Onderwystegnologie Bestuurder - FEDSAS | tech@fedsas.org.za / 082 490 5790
www.fedsas.org.za/technology